

## Die Wêreld Rondom Ons

### 14 Augustus 2008

#### Hoë Olie Pryse – 'n Vervolg

Vroeg in Junie het die prys van Brent ruolie teen so hoog as VSA\$ 144.26 per vat verhandel. Die prys het egter daarna vinnig geval tot so ver as VSA\$ 117.70 op 6 Augustus en het onder die VSA\$ 112.00 vlak gesluit op 13 Augustus. Hierdie skielike en vinnige prysdaling was onder andere as gevolg van:

- ❖ Verwagte afname in internasionale ekonomiese groei.
- ❖ Moontlike aanbod-verhogings vanaf Opul (“Olie Pruduserende Uitvoer Lande”) of Opec (“Oil Producing Export Countries”). Hieroor kan daar egter 'n opstel geskryf word....
- ❖ Laer Amerikaanse vraag (die grootste verbruiker van olie) na petroleum produkte.
- ❖ 'n Sterker Amerikaanse dollar.

Stygende oliepryse is 'n belangrike inset in die internasionale inflasieprobleem, maar dit is nie net oliepryse wat gedurende die afgelope 4 tot 6 weke gedaal het nie. Die tabel hieronder bevat 'n aantal metale, die datum en grootte van hul hoogste onlangse prys, en die sluitingsprys op 12 Augustus 2008.

Metaal	Datum	Prys VSA\$	12-Aug-08	Verandering (%)	Prys Eenheid
Brent Ru Olie	07-Jul-08	147.08	112.67	-23.4	VSA\$ per ton
Goud	17-Mar-08	1011.25	817.75	-19.1	VSA\$ per fyn ons
Paladium	04-Mar-08	582	316	-45.7	VSA\$ per fyn ons
Platinum	04-Mar-08	2273	1494	-34.3	VSA\$ per fyn ons
Silver	17-Mar-08	20.92	14.45	-30.9	VSA\$ per fyn ons
Aliminium	14-Jul-08	3291	2803	-14.8	VSA\$ per vat
Koper	04-Jul-08	8980	7460	-16.9	VSA\$ per ton
Lood	11-Oct-07	3970	1960	-50.6	VSA\$ per ton
Nikkel	16-May-07	53990	17900	-66.8	VSA\$ per ton
Sink	27-Nov-06	4619	1670	-63.8	VSA\$ per ton
Tin	16-May-08	25495	18925	-25.8	VSA\$ per ton

Dit is interessant om te sien dat, veral die nie-edelmetale se prys reeds vir 'n geruime tyd besig is om te daal. Daarmee saam het ons in Suid-Afrika 'n versterking in die ZAR/VSA\$ ruiervoet vanaf R8.25 (20 Maart) na R7.21 (4 Augustus) gesien. Die rand het egter vanaf die laaste datum tot amper R7.90 op 13 Augustus verswak.



Ten middie van die prysdalings van fisiese metale, het Anglo American PLC (AGL), grafiek hierbo, se prys aanhou styg vanaf die laagtepunt van R337.99 op 22 Januarie 2008 (sluitingsprys) tot op R556.00 op 19 Junie 2008 (sluitingsprys) – ’n fenominale bullopie oor die loop van 5 maande sienende die aandeel ’n styging van 65% behaal het. Op 30 Junie het die gety egter begin draai en het die prys amper net so vinnig begin val om te sluit op R377 op 4 Aug 2008 - ’n daling van 32%.

Teen hierdie agtergrond is dit nie vreemd om te vind dat die VSA\$ op 22 April 2008 teen die swakste vlakke nóg op \$1.5919 per Euro verhandel het nie, maar baie vinnig weer versterk het tot onder \$1.49 op 13 Augustus. Die ekonomiese vooruitsigte in Europa en die Verenigde Koningkryk is waarskynlik die sleutel hier. Lae groei, hoë inflasie en relatiewe hoër rentekoerse in hierdie gebiede is waarskynlik die rede vir die vlug na die VSA\$ soos die druk op die Euro en Britse pond verhoog. Dreigende rentekoers verhogings in die VSA speel natuurlik ook ’n rol hierin.

In die teenwoordigheid van swakker metaalpryse en ’n sterk VSA\$ (laasgenoemde kan en mag ’n oorsaak wees) moet ‘n mens aanvaar dat hulpbron- en dus ook hul aandeelpryse sal daal. Op die AGL grafiek hierbo verteenwoordig die lig-grys lyn die verdienste vermenigvuldiger en dit is duidelik dat die aandeel nou goedkoper is in relatiewe terme as enige tyd gedurende die afgelope twee jaar. Hierdie waarneming help om die volgende vraag te beantwoord – moet die beleggings se blootstelling aan hulpbronne verminder word noudat dit lyk of verskeie metale en ander grondstowwe (bv. olie) se pryse daal? Op die oomblik is die resultate wat hulpbron maatskappye bekend maak baie goed en die maatskappye is relatief goedkoop – soos aangedui in die Anglo American voorbeeld hierbo. Daarbenewens is die afname in pryse besig om te verlangsaaam en het pryse inderdaad gedurende die afgelope paar dae gestyg. Al hierdie feite in aanmerking geneem, glo ons dat die hulpbron blootstelling van individuele beleggers nie verklein behoort te word nie. Ons behou sulke blootstelling in bestuurde aandeel rekenings rondom ongeveer 30% van die totale portefeuilje.

Die goeie nuus vir ons in Suid-Afrika en in ander dele van die wêreld is dat die laer pryse van hulpbronne asook die sterker VSA\$, sal help om die bron van inflasie bekommernisse sterk aan te spreek. Verder het die pryse van koring en mielies ook skerp

gedaal vanaf onlangse hoogtepunte in Maart, wat om die beurt sal help met sterk stygings in voedselprysse.

In Suid-Afrika verwag ons dat die hersiene inflasie mandjie vanaf Januarie 2009 'n heelwat laer koers tot gevolg sal hê en sal daal tot gummiddeld 5.9% in 2010. Die groei in verbruiksbesteding en kredietverlening het ook baie afgeneem gedurende die afgelope 6 maande terwyl sake en verbruiksvertroue indekse ook baie afgeneem het. Teen hierdie agtergrond het die Reserwebank se monetêre beleid-komitee op 14 Augustus besluit om rentekoerse onveranderd te laat.

Dit is die eerste stukkie baie goeie nuus wat in 'n lang tyd ontvang is en bevestig dat ons waarskynlik die hoogtepunt van beide inflasie en rentekoerse gesien het. Dalende rentekoerse is normaalweg baie goed vir aandeelprysse.

Charles Snyman  
14 Augustus 2008